# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
## (Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: / Case number: **35/07**
Datum gelewer: / Date delivered: **23/03/2007**

In die spesiale hersieningsaak:

**DIE STAAT**

en

**DUBE, LILLIAN**

*Coram:* ***Lacock R*** *et* ***Molwantwa WnR***

## UITSPRAAK OP SPESIALE HERSIENING

**LACOCK R:**

1] Die beskuldigde is na ‘n pleit van skuldig op 18 Januarie 2006 in die landdroshof, Hartswater, skuldig bevind aan diefstal en is sy daarna deur die landdros gevonnis tot betaling van ‘n boete van R3 600.00 of by wanbetaling drie jaar gevangenisstraf. Daarbenewens is sy gevonnis tot ‘n verdere twee jaar gevangenisstraf wat voorwaardelik vir ‘n periode van vyf jaar opgeskort is. Hierdie aangeleentheid is nou deur die voorsittende landdros na hierdie Hof op spesiale hersiening verwys na aanleiding van die volgende motivering:

> "Gedurende 'n inspeksie deur die Senior Landdros, Mnr Lambrecht, gedurende Augustus 2006 was op hierdie saak en vonnis afgekom waar ek meegedeel was deur Mnr Lambrecht dat ek my vonnis bevoegdhede of jurisdiksie oorskry het wat betref die opgeskorte gedeelte van die vonnis omdat ek alreeds drie (3) jaar opgelÍ het en dus nie bevoeg was om 'n bykomende gevangenisstraf in enige vorm op te lÍ nie. Ek stem saam met hierdie feit."

2] Die voorgaande uiteensetting is 'n korrekte uiteensetting van die regsposisie. Sien art. 92 (1)(a) van die Wet op die Landdroshowe, nr. 32 van 1944.

3] Uit hoofde van die voorgaande moet die vonnis die beskuldigde opgelÍ ter syde gestel word. Dit kom my voor dat die aangeleentheid na die landdroshof terug verwys behoort te word vir die heroorweging van 'n gepaste vonnis.

4] Bygevolg word die volgende bevele hierin verleen:

**I. Die skuldigbevinding word bekragtig.**

**II. Die vonnis die beskuldigde opgelê word tersyde gestel.**

**III. Die aangeleentheid word na die landdroshof terug verwys vir die oplegging van 'n gepaste vonnis.**

__________________

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

__________________

***BC Molwantwa***
**WAARNEMENDE REGTER**